

## HOOFSTUK 1

### Doel, omvang en oorsig van die studie

	<b>Bladsy</b>
<b>1.1 Inleiding</b> .....	2
<b>1.2 Agtergrond</b> .....	4
<b>1.3 Belangrikheid van die studie</b> .....	6
1.3.1 Veranderinge binne die interne ouditeursberoep .....	6
1.3.2 Veranderinge in die behoeftes van die gebruikers van interne ouditdienste .....	7
1.3.3 Mededinging .....	11
<b>1.4 Doel en omvang van die studie</b> .....	12
<b>1.5 Struktuur van die studie, navorsingsmetodologie en verwysingstegniek</b> ...	14
1.5.1 Struktuur van die studie .....	14
1.5.2 Navorsingsmetodologie .....	15
1.5.3 Verwysingstegniek .....	16
<b>1.6 Beskrywing van woorde en begrippe wat algemeen in die studie gebruik word</b> .....	16
1.6.1 Interne ouditstandaarde .....	16
1.6.2 Etiese kode .....	16
1.6.3 <i>Professional Practices Framework</i> .....	17
1.6.4 Interne ouditfunksie .....	17
1.6.5 Handves van die interne ouditfunksie .....	18
1.6.6 Gehalteprogram .....	18
1.6.7 Interne evaluering .....	19
1.6.8 Eksterne evaluering .....	19
1.6.9 Suid-Afrika .....	20

## HOOFSTUK 1

### Doel, omvang en oorsig van die studie

#### 1.1 Inleiding

*En Abel het 'n skaapherder geword en Kain 'n landbouer. En na verloop van tyd het Kain van die vrugte van sy land aan die Here 'n offer gebring. En Abel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring, naamlik hulle vet. En die Here het Abel en sy offer genadiglik aangesien, maar Kain en sy offer nie aangesien nie. Toe word Kain baie kwaad en het sy hoof laat hang.*

*En die Here sê vir Kain: "Waarom is jy kwaad en waarom laat jy jou hoof hang? Is daar nie verheffing as jy goed doen nie?"*

*(Bybel. Génesis 4: 2-7)*

Sedert die vroegste tye is daar van mense verantwoordings geëis vir hulle optrede. In die eerste hoofstukke van die Bybel is dit reeds duidelik dat een persoon se optrede of prestasie aanvaarbaar kan wees en 'n ander s'n nie. Of prestasie as aanvaarbaar of onaanvaarbaar gereken sal word, hang af van die mate waartoe die prestasie voldoen aan die kriteria of maatstawwe waarvolgens die prestasie beoordeel word.

Die gelykenis van die muntstukke (Bybel. Mattheus 25:14-30) dui daarop dat daar in die tyd van Jesus Christus se lewe op aarde, van verantwoordelike persone rekenskap geëis is met betrekking tot die bestuur van bates wat aan hulle toevertrou is. Hierdie behoefte van 'n eienaar of prinsipaal om rekenskap te eis van die bestuur van sy bates, het bygedra tot die ontstaan van die ouditeursfunksie - 'n funksie wat onafhanklik, die prestasie van 'n agent beoordeel aan die hand van kriteria wat deur die prinsipaal neergelê is (Odendaal 1999:15; Sawyer 1996:15-16).

Smith (1997:3) skryf dat Egiptiese farao's van opsieners gebruik gemaak het om toesig te hou oor die oprigting van die piramides en dat die Grieke en Romeine aan amptenare opdrag gegee het om die vordering van hulle weermagte te monitor in lande wat deur hulle ingeneem is. In die middeleeue het die koning se verteenwoordiger rekord gehou van die beskrywing en hoeveelhede items op 'n skip om te verseker dat alle belastings wat op die vragte betaalbaar sou wees, behoorlik aangeteken is (Smith 1997:3). Volgens navorsing deur Flesher (1991: 2), bevat Griekse geskryfte aantekeninge oor interne ondersoeke op die Egiptiese landgoed van die Griekse heerser Ptolemy Philadelphus II, sowat 500 jaar voor Christus. Tydens hierdie interne "oudits" is klem geplaas op die verbetering van bestuursbeheer oor die aktiwiteite van ondernemings, soortgelyk aan dit wat vandag weer as die verantwoordelikheid van die interne ouditeur beskou word (Flesher 1991:2).

Interne ouditering word soos volg deur die Interne Ouditeursberoep beskryf:

*Internal auditing is an independent, objective assurance and consulting activity designed to add value and improve an organization's operations. It helps an organization accomplish its objectives by bringing a systematic, disciplined approach to evaluate and improve the effectiveness of risk management, control, and governance processes.*

(Institute of Internal Auditors, Inc. 2001:1)

As interne ouditeure deur bestuurders vertrou word om gerusstelling te verskaf aangaande die betroubaarheid van hulle handelsvennote en werknemers, behoort die interne ouditeur se betroubaarheid gewaarborg te wees en inderdaad ook beoordeel te word. Interne ouditeure behoort net so begaan te wees oor die doeltreffendheid en effektiwiteit van die ouditproses as oor die doeltreffendheid en effektiwiteit van die ondernemings of stelsels wat hulle ouditeer (Flesher 1996:333). Interne ouditfunksies moet dus toesien dat hulle 'n gehaltdiens lewer.

## 1.2 Agtergrond

Uit die omskrywing van interne ouditering in die vorige paragraaf, blyk dit duidelik dat die interne ouditeursberoep gerig is op dienslewering. Hierdie diens moet waarde toevoeg tot 'n organisasie en die werksaamhede van die organisasie verbeter. Besture van organisasies, insluitende direksies en ouditkomitees, is gesteld daarop dat die waarde wat interne ouditfunksies tot organisasies toevoeg, in verhouding moet wees tot die finansiële uitgawe verbonde aan interne ouditfunksies (Hodson 2001:16 -17; Van Wyk 2000:8-9).

Gehaltdiens is dus van kardinale belang en gehaltdiens kan slegs verseker word indien daar gehaltebeheer toegepas word op die diens wat gelewer word.

Gehaltebeheer kan kernagtig saamgevat word as *die prosesse wat gevolg word om aan 'n kliënt se verwagtinge in die lewering van 'n spesifieke produk of diens te voldoen*. Vir die kliënt, of opdraggewer, beteken gehalte, “om te kry wat hy verwag het,” en vir die verskaffer, of diensleweraar, beteken gehalte, “om met die eerste probeerslag aan die kliënt se verwagtinge te voldoen” (Russell 1990:5-7).

Wanneer die bestuur van 'n organisasie 'n interne ouditfunksie binne 'n organisasie vestig, kan hulle aanspraak maak op die diens wat, ingevolge die interne ouditeursberoep se omskrywing van interne ouditering, die verantwoordelikheid is van 'n interne ouditfunksie. Die topbestuur van enige organisasie behoort hulle spesifieke verwagtinge van die interne ouditfunksie in 'n beleidsverklaring uiteen te sit as deel van die organisasie se beleidsdokument aangaande beheer binne die organisasie. Die interne ouditfunksie se handves vloei voort uit hierdie beleidsdokument en is onder meer, die skriftelike ooreenkoms tussen bestuur en die interne ouditfunksie waarvolgens uitvoering gegee word aan die verwagtinge wat in die beleidsverklaring uitgespel is (Carolus & Nelson 1996:8).

Die *Institute of Internal Auditors, Inc.* onderskryf 'n stel standarde, *Standards for the Professional Practice of Internal Auditing* (voortaan na verwys as interne ouditstandarde), waaraan interne ouditeure met 'n professionele verbintenis gehoor moet gee. In die nakoming

van hierdie standaard, gee interne ouditfunksies uitvoering aan die verantwoordelikhede wat na vore kom in die omskrywing van interne ouditering.

Volgens die *Institute of Internal Auditors, Inc.* (IIA 2001: 1), is die doel van die interne ouditstandaarde soos volg:

1. Om basiese beginsels uit te beeld wat die praktyk van interne ouditering weergee soos dit behoort te wees.
2. Om 'n raamwerk te voorsien vir die uitvoering en bevordering van 'n wye reeks interne ouditaktiwiteite wat waarde tot 'n onderneming toevoeg.
3. Om 'n basis te ontwikkel vir die meting van interne ouditprestasie.
4. Om verbeterde organisatoriese prosesse en bedrywighede te ontwikkel.

Die bepalinge van die interne ouditstandaarde met betrekking tot gehaltebeheer oor interne ouditfunksies, word in hoofstuk drie van hierdie studie volledig bespreek. Standaard 1300 van die interne ouditstandaarde vereis kortliks, dat die hoof van 'n interne ouditfunksie 'n program moet ontwikkel en in stand hou om die gehalte van die interne ouditfunksie te verseker en te verbeter (voortaan na verwys as gehalteprogram), wat al die aspekte van die interne ouditfunksie aanspreek en wat deurlopend gekontroleer word vir effektiwiteit.

Hierdie gehalteprogram moet die interne ouditfunksie help om waarde tot die bedrywighede van die onderneming toe te voeg en dit te verbeter en moet ook verseker dat die interne ouditfunksie voldoen aan die interne ouditstandaarde en etiese kode. 'n Interne ouditfunksie moet oor 'n prosedure beskik om die effektiwiteit van die gehalteprogram te kontroleer, wat voorsiening maak vir beide interne en eksterne evaluering van die aktiwiteite van die interne ouditfunksie. (IIA 2001:4.)

Die kernvraag wat in hierdie studie beantwoord moet word is of die nakoming van die interne ouditstandaarde se voorskrifte met betrekking tot gehaltebeheer, daartoe bydra dat interne ouditfunksies aan die verwagtinge van gebruikers van interne ouditdienste voldoen en of hierdie voorskrifte wel deur interne ouditfunksies in Suid-Afrika toegepas word.

### 1.3 Belangrikheid van die studie

In die Februarie 2001 uitgawe van die *IIA IA Adviser*, maak 'n voormalige president van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika, die volgende stelling:

*The quality assurance programme has been on the sidelines for too long and we need to bring it into play, not only to offer the service to our members, but also to improve our image in the market (Newsome 2001: 4).*

Die interne ouditeursberoep in Suid-Afrika word tans met drie realiteite gekonfronteer wat gehaltebeheer binne interne ouditfunksies onontbeerlik maak. Die eerste twee beïnvloed die voortbestaan van die interne ouditeursberoep en die derde beïnvloed die voortbestaan van die interne ouditfunksie binne organisasies.

#### 1.3.1 Veranderinge binne die interne ouditeursberoep

Die onlangse wysiging van die omskrywing van interne ouditering deur die interne ouditeursberoep, ondersteun die feit dat die rol van interne ouditfunksies wêreldwyd verander het van die eertydse, sogenaamde “polisiëringsfunksie”, tot die hedendaagse “bestuurshulpmiddel in die bereiking van ondernemingsdoelwitte”.

*The movement by internal audit beyond its role of assessing internal control and safeguarding assets in its historical form is beyond question.... More than ever, internal auditors need to address and support the attainment of their organisation's business objectives. Traditional financial audits are no longer relevant - a much wider risk based approach applying control self assessment and other techniques is now the norm (Van Wyk 2000:8-9).*

### 1.3.2 Veranderinge in die behoeftes van die gebruikers van interne ouditdienste

Daar is verskeie faktore wat die omgewing waarbinne organisasies funksioneer, beïnvloed. Hierdie faktore skep bepaalde behoeftes by die besture en beheerrade van organisasies en beïnvloed hulle behoeftes ten opsigte van die interne ouditfunksie. Begrip van die faktore wat die behoeftes van interne ouditkliënte beïnvloed, maak dit makliker om hulle behoeftes in perspektief te plaas. In 'n publikasie van die *Institute of Internal Auditors, Inc.* (1999:49-51), word onderskei tussen omgewingsfaktore en faktore binne organisasies wat die behoeftes van gebruikers van interne ouditdienste beïnvloed. Dit behels die volgende:

Omgewingsfaktore, byvoorbeeld:

- *Inligtingstegnologie.* Dit het 'n direkte invloed op al die ander omgewingskragte en verander bykans elke aspek van 'n organisasie se bestaan.
- *Globale handel.* Hierdie is 'n produk van inligtingstegnologie, na aanleiding waarvan die besigheidsreëls en besigheidsetiek wat voorheen gegeld het en aan landsgrense gekoppel was, plek moet maak vir nuwe reëls, prosesse en stelsels oor landsgrense heen.
- *Behoeftes aan tydig, toepaslike en betroubare inligting.* Dit dui op die vermoë om inligting te skep, te versamel, saam te voeg en te gebruik en bied 'n kompeterende voorsprong wat uiteindelik die krag is agter rykdomskepping wêreldwyd.
- *Gehalte en voldoening aan gehaltestandaarde.* Hierdie aspek is oorspronklik bemark deur die *International Organisation for Standardisation (ISO)*, 'n wêreldwye organisasie wat 91 lande verteenwoordig. Inisiatiewe soos byvoorbeeld, fokus op kliënte, voortgesette opleiding en onderrig, vennootskappe met leweransiers, herontwerp van prosesse om waarde tot produkte en dienste toe te voeg en werknemers te bemagtig het hieruit voortgevloei.

- *Verantwoording binne besigheid, owerheid en die gemeenskap.* Namate nuwe en unieke sakeverhoudings in die sakewêreld aangegaan word, byvoorbeeld, in die vorm van gesamentlike ondernemings, samewerkingsooreenkomste en vennootskappe, word unieke eise gestel aan verantwoording tussen die onderskeie partye om die gepaardgaande risiko's aan te spreek.
- *Mededinging.* In die hedendaagse markte behels mededinging meer as prysoorloë en prysbesnoeiings. Faktore soos om eerste in die mark te wees, vinnige reaksietyd, inligting, gehalte en innovering, is nodig om mededinging die hoof te bied.

Faktore binne organisasies, byvoorbeeld:

- *Strategiese oriëntering.* As 'n proaktiewe reaksie van suksesvolle organisasies op die omgewingskragte, behels strategiese oriëntering 'n eksterne ontleding van risiko's en geleenthede, 'n duidelike uiteensetting van die organisasie se visie, missie en hoëvlak doelwitte, en die korrekte posisionering van strukture, kulture, bevoegdheids, hulpbronne en prosesse om die visie, missie en doelwitte te laat realiseer.
- *Verskerpte fokus op risikobestuur en beheer binne organisasies.* Hierdie faktor plaas die verantwoordelikheid vir die implementering van beheermaatrêls in die hande van bestuur en word voorgestaan deur wetgewing en sogenaamde *bestuursbeheermodelle* wat in verskeie lande gepubliseer is. Die Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite, Wet 93 van 1992 (Herroep),<sup>1</sup> was die eerste wetgewing in die geskiedenis van Suid-Afrika met bepalings wat 'n direkte

---

<sup>1</sup> Hierdie wet is in 1999 herroep met die uitreiking van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, No. 1 van 1999 (soos gewysig) (RSA 1999, art 87.) Die wet is van toepassing op nasionale en provinsiale departemente, openbare entiteite, konstitusionele instansies, die parlement en provinsiale wetgewers (RSA 1999, art. 3). Die wet bevat ook spesifieke bepalings aangaande interne ouditering. Verwys hoofstuk 3, par. 3.3. (RSA. 1999).



invloed op die interne ouditeursberoep in Suid-Afrika gehad het. Die wet het die volgende bepaling bevat:

*Elke gelyste entiteit moet interne ouditering laat uitvoer ten einde -*

- (a) die beveiliging van en beheer oor die bates van die entiteit;*
- (b) nakoming van die bepalings van hierdie Wet of enige ander Wet van die Parlement wat die bedrywighede van die entiteit beheer; en*
- (c) die ekonomiese en doeltreffende bestuur van die hulpbronne van die entiteit en die effektiewe verrigting van die entiteit se werksaamhede te bevorder, tensy die verantwoordelike Minister, op aanbeveling van die raad van direkteure, van oordeel is dat die voordele voortvloeiend uit interne ouditering nie die koste daarvan regverdig nie (Suid-Afrika 1992:6).*

Bestuursbeheermodelle het ten doel om 'n algemene definisie van interne beheer daar te stel en 'n standaard daar te stel vir die evaluering van beheerstelsels binne organisasies. Die eerste voorbeeld hiervan was 'n verslag, bekend as die *Treadway Commission Report*, wat in 1987 in die Verenigde State van Amerika gepubliseer is, gevolg deur 'n verslag getiteld: "*Internal control - an integrated framework*", in 1992 uitgereik deur die *Committee of Sponsoring Organisations (COSO)*. In Kanada is die *CICA Report* (1988) deur die *Canadian Institute of Chartered Accountants* gepubliseer, in die Verenigde Koninkryk, die sogenaamde *Cadbury Report* (1992) en in Suid-Afrika, die *King Report on Corporate Governance*, wat aanvanklik in 1994 gepubliseer is en in 2002 heruitgereik is, algemeen bekend as die King II verslag. Voldoening aan die voorskrifte van die King II verslag is 'n voorvereiste vir notering van maatskappye op die Johannesburgse Effektebeurs en 'n vereiste van die Public Finance Management Act No. 1 van 1999 (Puttick & van Esch 2003: 210).

*King II* beveel uitdruklik aan dat elke organisasie wat deur die verslag geraak word, 'n interne ouditfunksie behoort te hê, tensy bestuur uitdruklik in hulle

verslag ‘n ander metode uiteensit waarvolgens hulle gerusstelling sal bekom aangaande die effektiwiteit van interne prosesse en stelsels (Puttick & van Esch 2003: 821).

- *Herontwerp van prosesse (Reengineering).* Dit behels die herontwerp van besigheidsprosesse oor verskillende funksies heen, en het ten doel om prestasie te verbeter in gebiede soos gehaltebeheer, diens, koste en spoed. Veranderinge wat deur die herontwerp van prosesse veroorsaak word, elimineer dikwels baie van die tradisionele beheermaatrêels, soos skeiding van pligte en gesentraliseerde gesag, en skep ‘n behoefte aan werknemer-kliënt verhoudings, tydig, toepaslike en betroubare inligting en beheer oor die prestasie van werknemers.
- *Veranderde prestasiemaatstawwe.* Verbeterde toegang tot inligting, die fokus op kliënte en gehalte, herontwerpte prosesse, meer horisontale organisasiestrukture en die bemagtiging van werknemers het veranderde prestasiemaatstawwe noodsaaklik gemaak. In plaas van die tradisionele uitset van die rekeningkundige stelsel as primêre grondslag vir strategiese en operasionele besluitneming, word inligting wat nader verwant is aan die kliënt, produk of diens, die mark en die organisasie se doelwitte, as prestasiemaatstawwe gebruik.
- *Herdefiniëring van entiteite.* Dit spruit voort uit organisasies se strewe om meer aanpasbaar en opportunisties te wees en lei daartoe dat tradisionele strukture vervang word met meer vloeiende, en minder omgrensde strukture. Kommunikasietegnologie stel werknemers byvoorbeeld in staat om hulle werk te kan doen sonder om op kantoor te wees. Dienste en aktiwiteite word uitgekonnekteer om ‘n beter diens teen ‘n beter prys te bekom.

Anton van Wyk (voormalige president van die Instituut van Interne Ouditeure, Suid-Afrika en tans lid van die uitvoerende komitee van die *Institute of Internal Auditors, Inc.*) maak in ‘n artikel in die April 2000 uitgawe van *die IIA IA Adviser* die volgende stellings aangaande die verwagtinge van bestuur met betrekking tot interne ouditfunksies:

*Are internal audit functions effectively supporting their organisations' strategy and are they acting with precision and integrity? Internal audit's passion of the past requires reassessment and in-house functions need to start helping their organisations enhance their ability to achieve superior sustainable value through more effective risk management (Van Wyk 2000:8).*

Volgens Van Wyk (2000:8-9), behoort interne ouditfunksies te verseker dat hulle missie die organisasies waarbinne hulle funksioneer, ten volle ondersteun. Die hulpbronne wat aan interne ouditfunksies toegewys word, met inbegrip van arbeid, tegnologie, fasiliteite, en finansies, behoort voldoende te wees om interne ouditfunksies in staat te stel om optimale diens te lewer en aan die behoeftes van hulle organisasies te voldoen.

Organisasies sal altyd die maksimum voordeel van hulle interne ouditfunksies wil verkry en sal sodoende die interne ouditfunksie se strategie en fokus bevraagteken. Interne ouditfunksie moet die behoeftes van hulle kliënte aanspreek deur werkswyses te volg wat in die praktyk bewys is as beste praktyke (Van Wyk 2000:9).

### **1.3.3 Mededinging**

Uitkontraktering van interne ouditdienste is 'n wesenlike professionele aangeleentheid vir interne ouditeure reg oor die wêreld. Volgens navorsing deur die *Institute of Internal Auditors, Inc.*, is die mees algemene rede vir uitkontraktering eenvoudig dat mededingers in die lewering van interne ouditdienste, bestuur daarvan oortuig het dat hulle 'n beter en meer effektiewe interne ouditdiens kan lewer as die bestaande interne ouditafdeling (IIA1994:1,3).

Die Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite, No 93 van 1992 (Herroep), gevolg deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, No 1 van 1999 (soos gewysig) en die publisering van die Kingverslag in 1994 (King I), het blootstelling en nuwe prominensie aan interne ouditering in Suid-Afrika verleen. Die behoefte aan interne ouditdienste wat daardeur veroorsaak is, tesame met die uitkontraktering van interne ouditdienste in die buiteland, het daartoe bygedra dat eksterne ouditeursfirmas in Suid-Afrika betrokke geraak het by die interne ouditeursberoep en

by die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika en dat die eksterne ouditeursfirmas begin het om interne ouditdienste aan organisasies te lewer.

Hierdie verwikkelinge het die risiko van moontlike uitkontraktering en werkverliese tot voor die deur van die bestaande interne ouditfunksies in Suid-Afrika gebring.

Volgens 'n voormalige president van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika, Rob Newsome, is daar vanweë die tekort aan vaardighede in Suid-Afrika nie soveel mededinging tussen die interne en eksterne ouditeure as wat daar in die buiteland is nie en het daar eerder nouer samewerking tussen hulle ontstaan in die lewering van 'n omvattende ouditdiens aan organisasies. Volgens hom is daar min gevalle waar die interne ouditfunksie beëindig en uitgekonnekteer word aan eksterne ouditeursfirmas (Newsome 2000(1):1-2).

Uit die literatuur is dit duidelik dat die besture van organisasies geïnteresseerd is in besnoeide kostes en maksimale winste. Om te oorleef, moet die interne ouditdienste, hetsy gelewer deur 'n interne ouditfunksie of 'n kontrakteur, waarde toevoeg tot 'n organisasie wat die koste van daardie diens regverdig (Cosmas 1996:1-2; Hodson 2001:16-17; Van Wyk 2000:8-9).

Interne ouditfunksies behoort, selfs in gevalle waar die waarde van die interne ouditfunksie deur bestuur verstaan en waardeer word, en waar uitkontraktering nie 'n korttermyn bedreiging is nie, te streef na die hoogste vlak van uitmuntendheid in die lewering van interne ouditdienste. Interne ouditfunksies moet voortdurend hulle bestaansdoelwitte en strategieë evalueer en verseker dat bestuur bewus is van die unieke en kritieke bydrae wat die interne ouditfunksie kan lewer tot behoorlike korporatiewe beheer en die bereiking van die doelwitte van organisasies en bestuur (IIA.1994: 6).

#### **1.4 Doel en omvang van die studie**

Die doel van hierdie studie is om die aard, toepassing en belangrikheid van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies, soos voorgeskryf deur die interne ouditstandaarde en ander riglyne van die

*Institute of Internal Auditors, Inc.*, te ondersoek as 'n metode om te verseker dat interne ouditfunksies gehalte diens lewer en om vas te stel tot watter mate die interne ouditstandaarde en riglyne met betrekking tot gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika toegepas word.

Om uitvoering te kan gee aan hierdie doel word daar in die hoofstukke wat hierop volg spesifiek aandag geskenk aan die volgende:

- ▶ Die betekenis van gehaltebeheer in die algemeen.
- ▶ Verwagtinge van gebruikers van interne ouditdienste.
- ▶ Die rol van die interne ouditfunksie binne organisasies.
- ▶ Motivering vir interne ouditfunksies om 'n diens van gehalte te lewer.
- ▶ Die rol van die gehalteprogram binne interne ouditfunksies en die monitering daarvan, om te verseker dat interne ouditfunksies 'n diens van gehalte lewer.
- ▶ Die historiese ontwikkeling van gehaltebeheer oor interne ouditfunksies in die Verenigde State van Amerika en Suid-Afrika.
- ▶ Bestaande standaarde en riglyne vir gehaltebeheer binne interne ouditfunksies en die monitering daarvan.
- ▶ Die stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika.

Hierdie studie word hoofsaaklik gewy aan gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in die Republiek van Suid-Afrika. Die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika is geaffilieer met die *Institute of Internal Auditors, Inc.* in die Verenigde State van Amerika, en is onderhewig aan hulle standaarde. Daarom sal daar in die navorsing ook verwys word na toepaslike verwickelinge, binne die bestek van hierdie navorsing, in die Verenigde State van Amerika en, waar nodig, na toonaangewende verwickelinge in ander lande.

Om te onderskei tussen die *Institute of Internal Auditors, Inc.* in die Verenigde State van Amerika<sup>2</sup> en die Instituut van Interne Ouditeure in Suid-Afrika<sup>3</sup>, word daar in die res van hierdie studie na eersgenoemde verwys as die IIA Inc. en na laasgenoemde as die IIA SA. Waar daar nie na een van die institute in die besonder verwys word nie, maar na die Instituut van Interne Ouditeure in die algemeen, as beroepsliggaam, word die woord *Instituut* gebruik.

Die studie fokus op *gehaltebeheer binne interne auditfunksies* en nie op gehaltebeheer oor die interne ouditeursberoep as sodanig nie. Daar word byvoorbeeld nie aandag geskenk aan die toelatingsvereistes tot die Instituut, dissiplinêre reëls en ander faktore wat gehaltebeheer oor die interne ouditeursberoep in die algemeen raak nie. Die historiese oorsig hanteer wel die ontwikkeling van gehaltebeheer binne die interne ouditeursberoep.

Die inligting wat in hierdie studie na vore kom, is van toepassing op beide die privaat en openbare sektore, tensy anders aangedui, maar fokus spesifiek op interne auditfunksies wat binne organisasies, as afdelings of departemente funksioneer.

## **1.5 Struktuur van die studie, navorsingsmetodologie en verwysingstegniek**

### **1.5.1 Struktuur van die studie**

Hierdie studie bestaan uit vyf hoofstukke, waarvan hoofstuk een die inleidende hoofstuk is.

Hoofstuk twee behels 'n bespreking van gehalte in die algemeen, die behoeftes van interne auditkliënte, die rol van die interne auditfunksie en die belangrikheid vir interne auditfunksies om gehaltebeheer toe te pas en 'n diens van gehalte te lewer.

---

<sup>2</sup> Institute of Internal Auditors, Inc. 249 Maitland Avenue, Altamonte Springs, Florida, United States of America.

<sup>3</sup> Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika. Rileystraat 3. Chensia House, Bedfordview Office Park, Bedfordview, Suid-Afrika.

Hoofstuk drie bevat 'n kort oorsig oor die historiese agtergrond en ontwikkeling van gehaltebeheer binne die interne ouditeursberoep in die Verenigde State van Amerika asook binne die interne ouditeursberoep in Suid-Afrika. Dit word gevolg deur 'n ontleding van die bepalings van die interne ouditstandaarde aangaande die toepassing van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies, aangevul met verwysings na riglyne wat deur die IIA Inc. uitgereik is met betrekking tot gehaltebeheer en die monitering daarvan.

In hoofstuk vier word die stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika bespreek. Dit word gedoen na aanleiding van 'n empiriese studie, wat gesprekvoering met kundiges op die gebied van gehaltebeheer behels het, en die bestudering van resente plaaslike tydskrifartikels oor die onderwerp.

In hoofstuk vyf word die studie saamgevat, gevolgtrekkings en aanbevelings oor gehaltebeheer binne interne ouditfunksies word gemaak en onderwerpe wat uit hierdie studie voortvloei en verdere navorsing vereis, word uitgewys.

### **1.5.2 Navorsingsmetodologie**

Die volgende navorsingsmetodologie is in die studie gebruik:

- ▶ Beide plaaslike en oorsese literatuur oor die onderwerp, in die vorm van gepubliseerde boeke, artikels in vaktydskrifte en ander tydskrifte asook gepubliseerde riglyne van die IIA Inc. en die IIA SA is geraadpleeg.
- ▶ Toepaslike verhandelings, tesse en meningspeilings is bestudeer.
- ▶ Gestruktureerde onderhoude is gevoer met gesaghebbers op die gebied van gehaltebeheer oor interne ouditfunksies in Suid-Afrika, verbonde aan die IIA SA, wat doelgerig geselekteer is om inligting te verskaf aangaande die stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika.

### 1.5.3 Verwysingstegniek

Die Harvard-metode word gebruik soos uiteengesit in die agste hersiening van Marlene Burger se boek, getiteld: *Verwysingstegnieke* (Burger 1992:21-76).

## 1.6 Beskrywing van woorde en begrippe wat algemeen in die studie gebruik word

Ter wille van die vloeï van die teks is daar besluit om net die manlike vorm te gebruik. Daarmee word die vroulike vorm ook geïmpliseer.

### 1.6.1 Interne ouditstandaarde

Tensy dit spesifiek anders aangedui word impliseer enige verwysing na die interne ouditstandaarde, die *Standards for the Professional Practice of Internal Auditing*, van die *Institute of Internal Auditors, Inc.* wat op 1 Januarie 2002 amptelik in werking getree het.

Die interne ouditstandaarde is die kriteria waarteen die werksaamhede van die interne ouditfunksie gemeet en beoordeel word (IIA 1998:103). Die bedoeling met die interne ouditstandaarde, is om basiese beginsels neer te lê wat die praktyk van interne ouditering voorstel soos dit beoefen behoort te word, om 'n raamwerk daar te stel vir die uitvoering en bevordering van 'n wye reeks waarde-toevoegende interne ouditdienste, om 'n basis te ontwikkel vir die meting van interne ouditprestasie en om beter prosesse en bedrywighede binne organisasies te vestig (IIA 2001:1).

### 1.6.2 Etiese kode

Enige verwysing na die etiese kode is 'n verwysing na *The Institute of Internal Auditor's Code of Ethics*. Die vertrou wat gestel word in die objektiewe gerusstellingsfunksie van die interne ouditeur aangaande risikobestuur, interne beheer en organisatoriese bestuur, maak 'n etiese kode



vir die interne ouditeursberoep beide noodsaaklik en toepaslik. Die doel met ‘n etiese kode vir die interne ouditeursberoep is om ‘n etiese kultuur binne die beroep te bevorder. Die etiese kode bevat twee noodsaaklike komponente, naamlik toepaslike beginsels vir die beroep en die beoefening van interne ouditering asook gedragsreëls, wat gedragsnorme vir interne ouditeure beskryf. Die etiese kode is van toepassing op individue sowel as entiteite wat interne ouditdienste verskaf en onderskryf hoë standaarde van integriteit, objektiwiteit, vertroulikheid en bevoegdheid (IIA 2001:15-16).

### **1.6.3 Professional Practices Framework**

Die *Professional Practices Framework* is die benaming wat deur die IIA Inc. gegee is aan die konseptuele raamwerk wat ontwikkel is vir die interne ouditeursberoep.

‘n Konseptuele raamwerk vir interne ouditering verskaf ‘n strukturele bloudruk van hoe die kennisvereistes en riglyne vir die beoefening van interne ouditering in mekaar skakel. In samewerking met mekaar, fasiliteer hierdie kennisvereistes en riglyne die ontwikkeling, interpretasie en toepassing van konsepte, metodologieë en tegnieke wat bruikbaar is vir ‘n dissipline of profesie. Die doel met ‘n konseptuele raamwerk is om alle huidige praktyke te inkorporeer en toonaangewend te wees vir toekomstige uitbreiding op ‘n geïdentifiseerde kennisveld (IIA 1999:11).

Die algemene doel van die *Professional Practices Framework* is om al die bestaande en ontwikkelende praktiese riglyne vir interne ouditeure op so ‘n wyse te organiseer, dat dit tydig en geredelik toeganklik sal wees vir interne ouditeure (IIA 1999:13).

### **1.6.4 Interne auditfunksie**

Die interne auditstandaarde maak gebruik van die term *Interne Ouditaktiwiteit*, wat interne auditdiensverskaffers in huis en ekstern tot organisasies insluit. Die begrip “interne auditfunksie”, soos wat dit gebruik word in hierdie navorsing, verwys na ‘n interne ouditaktiwiteit binne ‘n organisasie, wat funksioneer as ‘n departement, afdeling of divisie van

die organisasie, maar nie 'n onafhanklike konsultant of span konsultante nie. Daar kan van 'n interne ouditfunksie verwag word om op te tree volgens die erkende omskrywing van interne ouditering (kyk paragraaf 1.1) met betrekking tot die werksaamhede van daardie organisasie en om oor hulle bevindinge, aan die bestuur van daardie organisasie verslag te doen. 'n Interne ouditfunksie bied op 'n onafhanklike grondslag, objektiewe gerusstellings- en konsultasiedienste aan, wat ontwerp is om waarde toe te voeg en die bedrywigheide van 'n organisasie te bevorder (IIA 2001:11).

### **1.6.5 Handves van die interne ouditfunksie**

Die handves van die interne ouditfunksie, is 'n formele, geskrewe dokument, wat die doel, gesag en verantwoordelikheid van die interne ouditfunksie uiteensit, en wat deur die hoogste gesag binne die organisasie goedgekeur is. Die handves bepaal die interne ouditfunksie se posisie binne 'n organisasie, magtig die ouditfunksie toegang tot rekords, personeel en eiendom wat nodig mag wees vir die uitvoering van 'n audit en omskryf die omvang van interne auditaktiwiteite (IIA 1998:93).

### **1.6.6 Gehalteprogram**

Die gehalteprogram is 'n program wat die hoof interne outiteur ontwikkel en in stand hou om die werksaamhede van die interne ouditfunksie te evalueer (IIA 2001:4). Die doel van 'n gehalteprogram is om redelike sekerheid te bied dat die werk van die interne ouditfunksie ooreenstem met die bepalings van die interne auditstandaarde, die etiese kode, die handves van die interne ouditfunksie en ander toepaslike standaarde, soos byvoorbeeld:

- Die doelwitte, beleid en prosedures van die interne ouditfunksie.
- Die organisasie se beleid en prosedures wat op die interne ouditfunksie van toepassing is.
- Wette, regulasies en owerheid- of industriestandaarde wat vereistes stel met betrekking tot ouditering en verslagdoening.
- Metodes wat gebruik word om aktiwiteite vir ouditering te identifiseer, risiko's te evalueer en die frekwensie en oorsig van auditprojekte te bepaal.

- Beplanningsdokumente van ouditprojekte, veral daardie wat aan senior bestuur en die Raad van Direkteure voorgelê word.
- Die beplanning van die organisasie, uiteensettings van posvereistes, posbeskrywings en beplanning van professionele ontwikkeling binne die interne ouditfunksie (IIA 2001:1;2).

‘n Gehalteprogram behoort voorsiening te maak vir behoorlike toesig oor interne ouditaktiwiteite sowel as vir die monitering van gehalte deur middel van interne evaluering en eksterne evaluering (IIA 2001:1).

### **1.6.7 Interne evaluering**

Interne evaluering behels self-evaluerings wat van tyd tot tyd deur die interne ouditfunksie uitgevoer word om die gehalte van interne ouditwerk te beoordeel. Interne evaluering word normaalweg uitgevoer deur ‘n span of ‘n individu binne die interne ouditfunksie, wat deur die hoof van die interne ouditfunksie aangewys word (IIA 1998:97). Interne evaluering voldoen hoofsaaklik aan die behoeftes van die hoof van die interne ouditfunksie, maar dit kan ook waarde inhou vir die bestuur van die organisasie as ‘n beoordeling van die prestasie van die interne ouditfunksie (IIA 1998:86).

### **1.6.8 Eksterne evaluering**

Eksterne evaluering word uitgevoer om die gehalte van ‘n interne ouditfunksie se werksaamhede te beoordeel, en word uitgevoer deur gekwalifiseerde persone wat onafhanklik staan van die organisasie en wat nie ‘n ware of oënskynlike botsing van belange met die interne ouditfunksie het nie (IIA 1998:97). As resultaat van ‘n eksterne evaluering, word ‘n verslag uitgereik oor die interne ouditfunksie se voldoening aan die interne ouditstandaarde en enige aanbevelings ter verbetering (IIA 1998:88).

### **1.6.9 Suid-Afrika**

Die Republiek van Suid-Afrika (RSA).